

# eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Personeelblad van die NWU

VOLUME 6 No 3 Mei 2012

Ontmoet **dié**  
**dinamiese**  
**dekaan**

NWU  
ondersteun  
**PERSVRYHEID**

Bedrewe  
rekenmeesters  
**balanseer**  
**die boeke**

**Nuwe**  
**leerstoele**  
vir navorsing  
**gekry**



# INHOUDSOPGAWE

- 2 Webwerfprojek skop af
- 3 Boodskap van die visekanselier  
Eish! ons graduandi vaar goed
- 4 Borgskap vier uitnemende joernalistiek
- 6 Bobaasbreine wys wat hulle weet
- 7 Dié nuwe leerstoele is nie vir stilsit nie  
Moenie steenkool swartsmeer nie
- 8 Tegnologie trek tabletdief vas
- 9 NWU-rekenmeesters laat die syfers mooi klop
- 10 Sy ervaar die lewe van naby én van ver
- 12 Fokus op ... Werkgewers van NWU-studente
- 13 Kampusnuus: Mafikeng
- 14 Kampusnuus: Potchefstroom
- 15 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 16 NWU-kundiges kén hul storie
- 17 Mense wat myle stap
- 18 En die wenners is...  
Wen! Wen! Wen!
- 19 Ken en vier jou regte



**Voorblad:** Prof Elsabé Loots, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus ervaar die lewe in al sy fasette. (Berig op p10)

## Webwerfprojek skop af

Die NWU-webwerf se herontwerp- en herontwikkelingsproses het op 1 April 2012 afgeskop.

Die eerste stap is om 'n opname te doen onder studente en rolspeleers wat onder andere insluit personeel en akademië. Die doel hiervan is om 'n algemene gebruikersprofiel saam te stel en om inherente gebruikerbehoefte te bepaal.

Die bevindings van die opname sal saamgevat word in 'n verslag wat die verwagtings van die belangrikste gebruikersgroepe sal weergee. Dit sal as vertrekpunt dien om gebruikerprofile te definieer, en om die nuwe webomgewing te modelleer.

Hierdie inligting sal gebruik word om interne rolspeleers te betrek, met die doel om 'n geïntegreerde webstrategie, inhoudstrategie (wat navigasie en inligtingsargitektuur insluit) en die eerste uitleg-prototipe van die NWU-webwerf te ontwikkel. 'n Sakeplan vir die NWU-webwerf sal sodoende meer doeltreffend saamgestel kan word.

'n Stelseltoetsomgewing sal gebruik word om die progressiewe ontwikkeling van die webmodel te toets voordat dit in produksie gaan.

Die herontwerp en -ontwikkeling van die NWU-webwerf is deel van 'n aparte proses wat nie tans die huidige webwerf beïnvloed nie. Gebruikers sal dus nog nie 'n verskil op die webwerf kan sien nie.

Die sukses van hierdie strategiese intervensie steun baie sterk op die deelname, steun en samewerking van alle rolspeleers.

Enige kommentaar of voorstelle rakende die NWU-webwerf kan deurgegee word aan Louis Jacobs by [louis.jacobs@nwu.ac.za](mailto:louis.jacobs@nwu.ac.za) of Cobus Steenkamp by [cobus.steenkamp@nwu.ac.za](mailto:cobus.steenkamp@nwu.ac.za).

**Redaksionele span:** Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse, Elmarie Cronje.  
**Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za).

## BOODSKAP VAN DIE **Visekanselier**

### *Beste kollegas*

Dis al tyd vir die derde uitgawe van Eish! in 2012, en 'n mens besef dat die jaar nie meer 'n vulletje is nie!

Hierdie tyd van die jaar is gewoonlik bestek-opneemtyd van die vorige jaar se bedrywighede. Die NWU-jaarverslag vir 2011 is nou in sy finaliseringsfase voor dit in Junie aan die Raad voorgelê word. Ek sien uit die onderskeie verslae dat die NWU-voetspoor konstant groei. Baie dankie aan die onderskeie kampusbesture en personeel vir die harde werk en implementering van die kampusplanne en die Institusionele Plan. Hierdeur word ons NWU-handelsmerk op 'n tasbare manier versterk.

Hier is 'n paar grepe en tendense van die universiteit se prestasie vir 2011:

- Terwyl ons nog met die grootskaalse HOKR-projek besig is, wys die afgelope jare se volgehoue verbetering op die sleutelprestasienskale dat onderrig-leer by die universiteit steeds gesond is. Ons module-sukseskoers het effe gestyg tot by 84% en die graadvoltooiingskoers staan steeds sterk op 26%. Wat

veral bemoedigend is, is dat ons uitvalkoers vir die afgelope vier jaar onder 15% staan, terwyl alle aanduidings is dat die landsgemiddeld tussen 20% en 30% is. Baie dankie aan elke akademiese en ondersteuningspersoneel vir julle volgehoue toewyding.

- Die ryk oes aan navorsingsuitsette vir 2011 is ongelooflik! Op hierdie stadium lyk dit asof ons in 2011 meer as 740 gepubliseerde artikels gehad het – amper 30% meer as die 578 van 2010! 'n Mens kan sien dat die afgelope jare se kapasiteitsgroei met betrekking tot NNS-gegradeerde navorsers en postdoktorale genote 'n wesenlike effek op die navorsingsuitsette meegebring het. Die kampusprestasies in hierdie domein is merkwaardig. Terwyl die NWU se totale navorsingsuitset tussen 2005 en 2011 met meer as 100% gegroei het, het die Mafikengkampus s'n in daardie tyd met meer as 500% gegroei! Baie geluk aan die rektor, prof Dan Kgwadi en sy span.
- Ons is wel ietwat bekommerd oor die daling in die aantal PhD's wat toegeken is: 113 teenoor 2010 se 129. Maar ons kyk na die oorsake hiervan.



- Wat die finansiële telkaart betref, lyk dit asof ons met 'n matige surplus van rondom R40 miljoen gaan afsluit. Daarmee saam lyk dit asof die selfgegeneerde inkomste weer 'n goeie styging getoon het – 'n prestasie in hierdie moeilike ekonomiese tye.

Op hierdie hoë noot is dit lekker om elkeen sterkte toe te wens vir die laaste deel van die semester wat nog voorlê. Bly warm en aktief en wanneer die midjaar-ruskansie kom, geniet dit!

Groete

*Jhans Cloff*

## Eish! ons graduandi vaar goed

Die belangrikste mense by die NWU bly die studente – hulle is immers ons kliënte.

Die diens wat die NWU aan hulle lewer, is om hulle in staat te stel en toe te rus om uiteindelik hul loopbane as goed afgeronde, bekwame individue aan te pak. Dit gaan egter oor meer as net opvoeding by die NWU – dit gaan oor die geleentheid wat opvoeding bring.



Deur as plek te dien waar studente hul drome en hul toekomstige sukses kan ontwikkel, gee die NWU as't ware aan hulle die sleutel tot 'n beter toekoms.

Hierdie nuwe benadering plaas die kollig op die NWU as 'n 'instaatsteller'. So stel ons byvoorbeeld studente in staat om die arbeidsmark suksesvol te betree, ons stel die land se ekonomie in staat om te groei deur hoëkwaliteit-graduandi te lewer, en ons stel gemeenskappe in staat om hul lewenskwaliteit te verhoog deur die resultate van ons navorsing tot voordeel van die bevolking van Suid-Afrika te implementeer.

Hierdie benadering van die NWU is onlangs deur 'n interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog onder personeel se aandag gebring – lees gerus meer oor hierdie veldtog op p6.

In ons strewe om hoëgehalte-graduandi aan die mark te lewer, is dit natuurlik ook belangrik dat

ons weet wat werkgewers van NWU-graduandi verwag. In die *Fokus op ...*-artikel op p12 gesels Eish! met me Bernice Smit van die Loopbaan-sentrum oor die resultate van 'n ondersoek wat geloods is om uit te vind watter eienskappe in NWU-graduandi vir werkgewers belangrik is.

Dat ons graduandi nie vir ander agteruit hoef te staan nie, blyk uit die artikel op p9. Daar kan u lees hoe goed die geoktrooieerde rekenmeesters wat by die NWU studeer het, in hul nasionale eksamen gevaar het en hoe hulle deur werkgewers opgeraap word – selfs nog voor hulle klaar studeer het.

Hieruit blyk dit dat die NWU tog 'n betekenisvolle en gewaardeerde rol speel – 'n wete wat 'n warm gevoel om die hart meebring. Saam met u almal, is die Eish! trots om deel van so 'n instelling te wees.

Lekker lees,

*Marelize & Nelia*

# Borgskap vier uitnemende joernalistiek

Met kommunikasiekunde as studierigting en puik kommunikasiekundiges op al drie kampusse, is dit geen wonder dat die NWU weereens die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekennings geborg het nie.

Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, het die pryse op 23 Maart 2012 by 'n prestigefunksie in Pretoria aan die room van die joernalistieke bedryf oorhandig.

Met persvryheid deesdae hoog op die openbare agenda het hy die NWU se kommer oor die onderwerp so verwoord: "Die universiteit deel joernaliste se kommer dat die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting ernstige implikasies kan inhou vir die vryheid van inligting en vir joernalistieke vryheid."

Hy het ook gesê die toekennings dien hul doel as dit kan help om die gehalte van joernalistiek in die land nóg verder te verbeter.

## WENNERS WORD AANGEWYS

Die inskrywings is beoordeel deur 'n paneel onafhanklike kundiges, soos onder meer me Cornia Pretorius, 'n senior lektor in joernalistiek aan die Skool vir Kommunikasiestudies op die Potchefstroomkampus.

Volgens Cornia weerspieël dit die skynbaar nimmereindigende verskeidenheid buitengewone stories wat Suid-Afrika aan joernaliste bied en – selfs belangriker – hoe die joernaliste daarin slaag om hierdie verhale weer te gee.

"Op die nuusfront is die krag van ondersoekende joernalistiek weereens bevestig," sê sy. "Wat artikels betref, was daar sommige wat wonderlik geskryf is en jou van begin tot einde boei. Die weninskrywings was daardie wat lesers waarskynlik geraak, bly- of kwaadgemaak het toe dit gepubliseer is."

Mnr Barry Bateman van *Eyewitness News* is aangewys as 2011 se Joernalis van die Jaar ter erkenning van sy feitlik korrekte verslaglewering en vir sy werk onder ontsaglike sperdatumdruk. Sy vasberadenheid met die storie oor die Tshwane-metropolis se gebruik van voertuie met vals nommerplate is 'n uitstekende voorbeeld van joernalistieke uitnemendheid.

Mnr Nic Dawes, Redakteur van die *Mail & Guardian* is aangewys as Redakteur van die Jaar vir sy onwrikbare standpunt oor uitnemendheid en sy verbintenis tot die stryd vir persvryheid.

Die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar het met R10 000 weggestap, terwyl elke kategoriewenner R5 000 ontvang het, geborg deur die NWU.

*As wenner bekroon: Mnr Nic Dawes, (regs) die redakteur van die Mail & Guardian, en dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, by die toekenningsereemonie. Nic is as Redakteur van die Jaar aangewys en sy prys is 'n luukse wegbreekaweek.*



### Dié nuusmakers domineer die media

Die Openbare Beskermer, me Thuli Madonsela, en die geskorste leier van die ANC-jeugliga, mnr Julius Malema, is aangewys as die Nasionale Persklub – Aon Suid-Afrika se Nuusmakers van die Jaar 2011.

“Hulle het dag in en dag uit gesorg vir hoofopskrifte. Hulle het ons koerantblaaië en die luggolwe gedomineer. Hulle het ons aan die praat, skryf en debatteer gekry,” het mnr Yusuf Abramjee, die voorsitter van die Nasionale Persklub, tydens die oorhandigingseremonie gesê.



Veels geluk: Mnr Barry Bateman (middel) van Eyewitness News ontvang sy NWU-geborgde Joernalis van die Jaar-toekening van dr Theuns Eloff (links), die visekanselier van die NWU. Langs Barry is mnr Yusuf Abramjee, die voorsitter van die Nasionale Persklub.

### LYK DIÉ WEN-STORIES BEKEND?

Joernaliste word dikwels huishoudelike name en gesigte, want hulle bring die nuus tot reg in ons woonkamers.

Hier is 'n paar van die kategoriewenners. Herken u enige van hierdie bekroonde joernaliste of hul stories?

- Me Jane Vorster van *Huisgenoot* het die gedrukte hoofartikels-kategorie gewen vir die eerste aangesig-tot-aangesig-onderhoud met Pieter Dirk-Uys en Evita
- Bezuidenhout – hy/sy het tot nou toe slegs op geskrewe vrae gereageer.
- Mnr Thebeetsile Keameditse van die SAUK was die wenner in die radioprogram-kategorie vir sy artikels oor elektroniese bankdienste in die platteland en oor hedendaagse besnyding.
- Me Odette Schwegler en me Nocola de Chaud van M-Net se *Carte Blanche* was die gesamentlike wenners in die kategorie vir televisieprogramme met hul verslagdoe-
- ning oor tussengangers by baba-aanname en die ondersoek na wanpraktyke van die Johannesburgse brandweerhoof.
- Mnr Taurai Maduna van *Eyewitness News* het die aanlynkategorie gewen vir sy verslagdoening oor die mishandeling van platinumwerkers aan die Oosrand.
- Me Mandy Wiener, ook van *Eyewitness News*, het die sosiale media-kategorie gewen vir haar verslagdoening oor die Jackie Selebi-korrupsieszaak.



Fyn uitgevat: Soos die ander gaste by die toekeningseremonie, is dié groep ook in “swart en wit met 'n tikkie rooi” uitgedos. Van links is mnr Pheno Mokgothu van die Mafikengkampus se Departement Bemarking en Kommunikasie, mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie, me Leanne Mannas, bekende kommunikasiekundige en seremoniemeester, mnr Koos Degenaar, Direkteur: Bemarking en Kommunikasie op die Mafikengkampus, en mnr Victor Mthobi, Uitvoerende Direkteur: Menskapitaal.



Die wspan van die Wys wat jy weet-vasvrakompetisie spog met die tjeks ter waarde van R10 000 elk wat hulle vir kampusprojekte gewen het. Van links is me Tshepi Molemane van die Mafikengkampus, me Lynette Ferreira van die Institusionele Kantoor, me Cathleen Diedericks van die Potchefstroomkampus en me Annette Willemse van die Vaaldriehoekkampus. Heel regs is me Phumzile Mmope, die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge. Haar departement was verantwoordelik vir die interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog.

# Bobaasbreine wys wat hulle weet

Verskeie personelede se kennis van die NWU het vir hulle goeie pryse in die sak gebring tydens die afgelope ses week lange interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog.

Dié veldtog het uit verskeie prettige en opvoedkundige aktiwiteite bestaan, onder meer vasvrakompetisies wat personeel se kennis van die NWU getoets het.

Me Andrie du Plessis van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus het 'n i-pod gewen in die Bobaasbrein-aanlynsvra. Haar naam is lukraak gekies uit 'n lys deelnemers wat al die vrae van die ses vasvrasessies reg beantwoord het.

Die ander 50 wenners van die Bobaas-aanlynsvra het 'n verskeidenheid promosie-items gewen, waaronder mp3-spelers, horlosies, USB-penne, datastokkies, reismuise en -sakkies.

Me Theresa Louw van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe op die Vaaldriehoekkampus is vandag R3 000 ryker nadat sy 'n deelnemer aan die Wys wat jy weet-vasvra genomineer het en toe die wenner van die gelukkige trekking was.

Die wspan van die Wys wat jy weet-vasvrakompetisie was me Tshepi Molemane van die Mafikengkampus, me Cathleen Diedericks van die Potchefstroomkampus, me Annette Willemse van die Vaaldriehoekkampus en me Lynette Ferreira van die Institusionele Kantoor.

As wenners het elkeen R10 000 aan een van die volgende projekte bemaak:

- **Mafikengkampus:** Die aankoop van regsboeke vir die biblioteek.
- **Potchefstroomkampus:** Die daarstel van twee parkeerplekke en 'n skuins loopvlak by die ingang van die Sanlam Auditorium vir mense met gestremdhede.

- **Vaaldriehoekkampus:** 'n Bydrae vir die bou van die nuwe biblioteek.
- **Institusionele Kantoor:** 'n Bydrae vir die "groen" gemeenskapsverbintenis-projek wat met die Earth Hour op 31 Maart 2012 afgeskop het.

Baie dankie aan almal wat aan ons interne bewusmakingsveldtog deelgeneem het. Ons hoop julle het jul gate uit geniet, 'n bietjie meer oor die NWU geleer en selfs 'n prys of twee losgeslaan. Hou ons webwerf dop by [www.n-w-u.co.za](http://www.n-w-u.co.za).



Die handelsmerk-ambassadeurs op die Potchefstroomkampus was van links mnr Chris van Straaten, me Angelique de Jager, me Karen Engelbrecht van Bemaking en Kommunikasie, me Chrislemien Groenewald en mnr Retief Scheepers. Hierdie ambassadeurs het gehelp om die NWU-handelsmerk op hul kampus te bevorder en deelname aan die handelsmerk-bewusmakingsveldtog aan te moedig.



Me Christelle Foord van die Institusionele Kantoor het haar NWU-plakkers gebruik om haar kantoordeur op 'n kreatiewe manier te versier.

# Dié nuwe leerstoel is nie vir stilsit nie

Die NWU het vanjaar twee nuwe navorsingsleerstoel van die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) bygekry en een vanaf Eskom. Al drie nuwe leerstoel is op die Potchefstroom-kampus geleë.

Die fokus van die DWT-leerstoel is eerstens ten opsigte van Steenkoolnavorsing in die Fakulteit Ingenieurswese en Vroeë waarneming en voorkoming van kardiovaskulêre siekte in Afrika in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Albei leerstoel is tans vir vyf jaar toegeken, met die moontlikheid dat dit daarna vir 'n verdere vyf jaar toegeken kan word.

Die Eskom-leerstoel in Emissiebeheer behels navorsing en kapasiteitsontwikkeling in beide Ingenieurswese en Atmosferiese Impakte. Dit word in die Navorsingsfokusarea vir Chemiese Hulpbronveredeling in die Fakulteit Natuurwetenskappe gehuisves.


Tydens die DWT-proses – wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NSS) geadmineer word – is 406 aansoek van 22 hoëronderrysinstellings vir die 2011/2012-rondte ontvang, met net 62 leerstoel wat beskikbaar was. Die NNS-leerstoel is deel van die Departement van Wetenskap en Tegnologie

se South African Research Chairs Initiative (SARChI)-program.

Faktore wat in ag geneem word vir die toekenning van hierdie navorsingsleerstoel is onder meer of dit met die SARChI-doelwitte ooreenstem, die vermoë van die instelling om die leerstoel te kan huisves, die potensiaal vir opbrengs op belegging, en die sosio-ekonomiese impak van die navorsing.

*Hou die volgende Eish! dop vir meer inligting oor die Vroeë waarneming en voorkoming van kardiovaskulêre siekte in Afrika-leerstoel en die Eskom-leerstoel in Emissiebeheer.*

## Moenie steenkool swartsmeer nie



Lede van die steenkoolgroep is van links prof Ray Everson, prof Quentin Campbell, prof John Bunt en prof Frans Waanders. Voor sit prof Hein Neomagus en prof Christien Strydom. Hulle is in die lokaal waar die Termogravimetrieë analiseerder (TGA-masjien) gehuisves word. Die TGA word gebruik om die reaksies te bekyk as steenkool warm gemaak word.

Steenkool is nie die sondebok wat 'n mens dink dit is nie – intendeel, dit hou heelwat voordele vir die mensdom in.

Volgens prof Frans Waanders van die Skool vir Chemie en Mineraalingenieurswese op die Potchefstroomkampus, wys hulle navorsing juis die talle voordele van steenkool uit, al beskou party mense dié grondstof dikwels net as 'n besoedelaar.

Hy sê die nuwe leerstoel, Steenkoolnavorsing, is gemik op gevorderde navorsing op die terrein van steenkoolwetenskap en -tegnologie.

“Aangesien die wêreld se energiebronne beperk is, kan ons nie net op enkele bronne soos sonlig of wind staatmaak nie – ons moet alle

bronne, insluitende steenkool, benut. Die geheim is om die tegnologie so te ontwikkel dat ons uiteindelik steenkool so omgewingsvriendelik as moontlik kan gebruik.”

Die doelwitte met die nuwe leerstoel is die volgende:

- Om innoverende maniere te vind waarop steenkoolreserwes gebruik kan word om energie, brandstof en chemikalieë aan die land te voorsien, met inagneming van 'n skoon omgewing.
- Om kundiges op te lei op bepaalde gebiede van steenkooltegnologie wat relevant is vir Suid-Afrika se industrie en ekonomie.

- Om die internasionale kennisbasis ten opsigte van steenkoolwetenskap- en tegnologie uit te brei, byvoorbeeld deur publikasies, konferensievoordragte en samewerking met ander kundiges.
- Om die huidige navorsingsgroep uit te bou tot 'n internasionale sentrum van uitnemendheid wat onder meer nagraadse opleiding en konsultasiedienste vir die nywerheid kan lewer.

Die drie subprogramme in die leerstoel gaan oor die prosessering van fyn afvalsteenkool, verbranding en vergassing en die optimalisering van die prosesse, en afvalprodukbenutting.

“Die navorsing wat tot dusver gedoen is en verder in die nuwe leerstoel gedoen gaan word, is 'n spanpoging van 'n klomp toegewyde dosente, navorsers (selfs 'n afgetrede navorser) en voor-én nagraadse studente. Een van ons medewerkers is van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe – ons werk dus ook interfakultêr saam. As gevolg van goeie spanwerk tussen al dié rolspelers word ons reeds as die voorste steenkoolnavorsingsgroep in die land beskou,” sê prof Frans.

Die groep werk nou saam met Eskom en Sasol en het ooreenkomste met Freiberg Universiteit in Duitsland, en die North Dakota- en PennState-Universiteit in die VSA. Hulle is ook dikwels betrokke by die bestuur van internasionale konferensies wat oor steenkoolnavorsing en -gebruik handel en het al twee internasionale steenkoolkonferensies suksesvol aangebied.

# Tegnologie trek tabletdief vas

**P**rof Dewald van Niekerk, die direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies in die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus, het onlangs die dief wat sy tablet-rekenaar gegaps het, blitsig help vastrek danksy opsporingstegnologie.

Prof Dewald het uitgegaan vir ete en toe met die terugkomslag gevind dat sy tablet-rekenaar weg is. Hy het dadelik op Apple Mac se iCloud-webwerf ingegaan om te sien waar sy tablet-rekenaar was. Gebruikers kan op dié webwerf onder meer hul tablet-rekenaars met die hulp van selfoontorings en die globale posisioneringstelsel (GPS) opspoor.

“Ek het gesien my rekenaar is by die Meyerstraat-ingang van die kampus, en elke keer wanneer ek verfris, kon ek sien hoe die rekenaar beweeg, maar teen ’n relatief stadige spoed – waaruit ek kon aflei dat die persoon te voet

was.” Prof Dewald het ’n polisie-vriend gebel en dié en van sy kollegas het hulle na die toneel gehaas. Hy was deurgaans in telefoniese verbinding met die polisie om hulle te sê waar die tablet was.

Die polisie het reeds by Cachetpark, ’n winkelsentrum ’n klippgooi van die universiteit af, ’n paar mense geïdentifiseer wie se bewegings ooreengestem het met dié van die dief. Hulle het die groepie gevolg totdat hulle só uitgedun het dat die polisie ’n paar kilometer verder feitlik seker was wie die sondaar is.

Prof Dewald het toe ’n sein na sy tablet gestuur. “Ek het die sein oor die selfoon gehoor. Dit was vir ’n oomblik stil en toe ek hoor ek net hoe die polisie toeslaan,” vertel hy.

Die vermeende dief is 20 minute nadat prof Dewald die sein begin volg het, gearresteer.

## *Die wonder van tegnologie*

Apple Mac se iCloud-webwerf bied onder andere die toepassing ‘Find My iPhone’, wat op die iPhone, iPad of iPod Touch geïnstalleer kan word sodat die gebruiker sy toestel kan opspoor indien dit vermis word. Al wat jy dan hoef te doen, is om vanaf enige rekenaar op icloud.com in te teken of die ‘Find My iPhone’-toepassing op ’n ander iPhone, iPad of iPod Touch te gebruik om naastenby die omgewing waar die vermiste toestel is, op ’n kaart aan te dui.

Hierbenewens kan jy dan ook ’n boodskap of geluidsein na die toestel stuur. As jy byvoorbeeld jou iPad in die dokter se spreekkamer vergeet het, kan jy ’n boodskap na die toestel stuur wat dan op die skerm sal verskyn, en as jou iPad dalk iewers in jou eie kantoor voete gekry het, kan die klanksein jou ’n idee gee onder watter hoop papiere hy wegkruip.


As jy jou toestel verloor het en die inhoud daarop wil bewaar totdat jy weer jou hande daarop kan lê, kan jy ’n wagwoordslot opstel wat sal verhoed dat iemand jou toestel gebruik, toegang tot persoonlike inligting verkry of met jou opstellings peuter. Jy kan selfs belangrike en persoonlike inligting oor ’n afstand uitvee.



Op die regte pad: Prof Dewald van Niekerk het die vermeende dief van sy tablet-rekenaar danksy tegnologie en die flinke hulp van die polisie vasgetrek.

Foto en kopie – Susan Cilliers van Beeld.





# NWU-rekenmeesters laat die syfers mooi klop

**M**et inagneming van die getal studente en die slaagsyfer van 88%, het die pas afgestudeerde geoktrooieerde rekenmeesterstudente van die NWU in 2012 beter as ooit tevore gevaar in die Deel 1-nasionale kwalifiserende eksamen van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR).

Dié slaagsyfer was heelwat hoër as die land se gemiddeld van 78%. In 'n vraag oor Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde het die NWU se studente die beste in die land gevaar.

Daarmee het hulle voortgebou op die prestasies van vorige NWU-studente wat in die verlede reeds verskeie kere in verskillende vakke die beste in Suid-Afrika was.

Die uitslae plaas die NWU in totaal sesde in die land, met die Universiteit van Kaapstad, Rhodes, die Universiteit van Pretoria, Wits en die Universiteit van Stellenbosch in die eerste vyf plekke.

Ses-en-vyftig NWU-studente uit 'n totaal van 64 – die meeste ooit in die geskiedenis van die NWU – het geslaag.

Van dié wat geslaag het, is 46 van die Potchefstroomkampus en 10 van die Vaaldriehoek-kampus.

Die program word ook voorgraads op die Mafikengkampus aangebied, maar dié studente voltooi sedert 2012 hul honneursstudies in Engels op die Potchefstroomkampus.

## REKENMEESTERS VIR SA

“Gesien in die lig van die behoeftes van die land en ook om relevant te bly, is dit belangrik dat ons 'n groot groep geoktrooieerde rekenmeesters moet lewer,” sê prof Susan Visser, die direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Potchefstroomkampus.

“Ek dink regtig die spanne op al die kampusse het uitsonderlik goed presteer,” sê prof Elsabé Loots, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op dieselfde kampus.

Prof Herman van der Merwe, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoek-kampus, is ewe trots op sy fakulteit se studente.

“Voor 2009 het ons kampus nie die kapasiteit gehad om in die verskillende professionele beroepsrigtings te spesialiseer nie,” sê hy. “Dit het beteken dat ons nie van die eerste studiejaar af al met die intensiewe spesialisasie wat Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (GR-opleiding) verg, kon begin nie, omdat al die beroepsrigtings se studente in dieselfde klas was. Die groep wat in 2012 die kwalifiserende eksamen afgelê het, was die laaste groep wat in so 'n gemengde voorgraadse klas was.

“Vanaf 2009 word die drie spesialisrigtings op ons kampus ook afsonderlik aangebied en 2012 se BCom GR-honneursgroep is die eerste groep wat suiver deur die GR-baan gekom het van hul eerste jaar af. Ons is trots om deel te kan wees van die NWU-span en dat die getal

geoktrooieerde rekenmeesters wat die NWU lewer, jaarliks verhoog.”

## GESOGTE GROEP

Dosente van albei kampusse sê geoktrooieerde rekenmeesters wat by die NWU studeer het, kry baie maklik werk.

Prof Jaco Fouché, programleier in die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Potchefstroomkampus, sê die studente het almal reeds werk gehad toe hulle die eksamens afgelê het. “Die meeste van hulle kry al aanbiedinge van so vroeg as hul tweede jaar af.”

Volgens hom is werkgewers baie tevrede met die kwaliteit van die NWU-studente. “Tydens die jaarlikse loopbaanskou wat die skool in Mei in samewerking met die Loopbaansentrum aanbied, was die grootste klage van die meer as 30 werkgewers wat dit bygewoon het, dat daar nie genoeg studente was om in diens te neem nie. Sommige firmas kom van so ver as Kaapstad af om studente hier te werf. Hulle is veral beïndruk met die studente se dissipline en goeie maniere.”

Prof Heleen Janse van Vuuren, die direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus, sê die meeste van die huidige BCom GR-honneursgroep het reeds kontrakte geteken om volgende jaar met hul klerkskap te begin.

“Ná hul klerkskap word die meeste opgeraad deur kliënte by wie hulle ouditwerk gedoen het,” sê sy.

# Sy ervaar die lewe van

In die voortgaande reeks oor NWU-dekane vertel prof Elsabé Loots, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus vir die lesers van die klein én groot vreugdes in haar werk- en persoonlike lewe.



**A**n die een kant maak die dinge wat vir die subtiële nuanses van die lewe sorg, soos kunselfilms, rooivyn en kookkuns, haar opgewonde. Aan die ander kant is prof Elsabé Loots passievol oor globale kwessies soos ontluikende markte en kapitaalvloei na Afrika.

Prof Elsabé, wat sedert 2009 die dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is, raak ook opgewonde oor haar fakulteit.

Sy sê een van die grootste uitdagings wat die fakulteit oorkom het sedert die NWU tot stand gekom het, is die suksesvolle belyning van voorgraadse programme met die ander twee NWU-kampusse. "Die samewerking en toewyding van personeel in hierdie verband is eenvoudig merkwaardig," sê sy.

## **KWALITEITONDERRIG IS DIE SLEUTEL**

Prof Elsabé glo uitnemende onderrig is die sleutel tot die stabiele en volhoubare deurvloei van voorgraadse studente. "Ons kry dit die afgelope paar jaar reg om ons deurvloei van voorgraadse studente tussen 82% en 84% te hou. Hierdie prestasies kan net bereik word met 'n baie besondere poel toegewyde personeel."

Prof Elsabé sê die nagraadse deurvloei verbeter deurlopend en hulle probeer ook om die fakulteit se meesters- en doktorsgraad-inskrywings en -uitsette op volhoubare vlakke te hou.

Daarby groei die fakulteit se navorsingsuitsette ook sterk. "Die feit dat ons personeel baie klasgee, maak dit nog meer besonder."

*Prof Elsabé Loots*

## **AS ALLES MOOI UITWERK**

Die lekkerste van dekaan-wees is vir prof Elsabé "when a plan comes together". "Dit is heerlik as personeel saam inkoop in nuwe inisiatiewe of strategieë, betrokke is daarby en uiteindelik ook deel in die sukses van die inisiatiewe," sê sy.

Prof Elsabé het haar doktorsgraad in Ekonomie in 1996 aan die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) behaal. Nadat sy by die nasionale Departement van Finansies en daarna die Reserwebank gewerk het, het sy haar akademiese loopbaan in 1989 by RAU as Ekonomie-dosent begin, waar sy gevorder het tot professor in Ekonomie in 2001.

Nadat sy van 2005 tot 2007 by die Universiteit van die Vrystaat se Departement Ekonomie betrokke was, het sy hoof van die Skool vir Besigheid en Ekonomie aan die Australiese universiteit, Monash, se Suid-Afrikaanse kampus geword.

## **'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF**

Gedurende die drie jaar by Monash South Africa het sy 'n wye perspektief van internasionale hoër onderwys gekry.

Sy sê die universiteite in Suid-Afrika kan baie leer by universiteite wat reeds deel vorm van die internasionale netwerk van prominente universiteite, hoewel ons in geen omstandighede hoef terug te staan nie.

"Wat die omstandighede van hierdie instellings verskillend maak, is die toegang tot nasionale en internasionale navorsingsfondse, wat eenvoudig 'n mens se asem wegslaan en hulle in staat stel om hul navorsing op 'n hoër vlak te bedryf."

Daar is egter ook ooreenkomste tussen Monash se multikampusmodel – wat oor drie kontinente strek – en die multikampusmodel van die NWU, spesifiek met betrekking tot die wyse waarop hulle hul akademiese programme tussen die verskillende kampusse belyn.

# naby én van ver

Prof Elsabé is van mening dat die blootstelling by Monash haar baie geleer het oor internasionale kompetisie tussen instellings, wêreldranglyste en hoe belangrik sterk navorsingsfokusse is as 'n mens streef na internasionalisering.

## VAN NADER BESKOU

Intussen knyp sy tog tyd af in haar besige program om die fyner dinge in die lewe te geniet. "Ek is mal oor swem, ek lees resepteboeke soos storieboeke, is 'n Cinema Nouveaufliederslaafde, verval in amateurvoëlkyk as die geleentheid hom voordoen en hou van 'n goeie rooiwyn."

Haar man, Steve, 'n afgetrede maatskappysekretaris, is die anker in haar lewe. Die egpaar het 'n seun en 'n dogter. Hul seun, Willem, is 'n aktuaris. Hy is getroud met Izeldi, wat betrokke is by 'n familiesaak en besig is met haar meestersgraad in Eiendomstudies by die Universiteit van Pretoria (UP).

Hulle dogter, Liana, is 'n dieetkundige en is tans 'n vierdejaar-mediesestudent by UP. "Saamkuier is vir ons baie belangrik en ons maak gereeld 'n kuier- en kosmaakritueel rondom geleenthede soos verjaarsdae en Kersfees."

Dalk is een van die geheime van 'n vol lewe om die vermoë aan te kweek om terselfdertyd die lewe van naby én van ver af te ervaar. Om, soos prof Elsabé, jou motivering te vind in die



*Prof Elsabé Loots en manlief Steve ontspan op hul forel-deeltydplasie naby Belfast*

nabyheid van familie en kollegas, terwyl jy ook globaal betrokke is en bydraes lewer. Dit is dán wanneer 'n mens opgewonde kan raak oor 'n mooi sonsondergang én oor die vooruitgang van ontwikkelende ekonomieë.

*Prof Elsabé verlaat die NWU aan die einde van Julie, nadat sy 'n dekaanspos by die Universiteit van Pretoria aanvaar het.*

## *Afrika is op 'n positiewe pad*

Prof Elsabé, wat passievol oor Afrika en sy uitdaging is, is van mening dat daar – ten spyte van bepaalde uitdagings wat steeds bestaan – tog 'n positiewe klemverskuiwing op die Afrika-kontinent plaasvind.

"Die aantal demokratiese verkiesings is besig om toe te neem, die getal konflikgeteisterde gebiede en staatshoofde wat vir meer as twee termyne dien is besig om af te neem, en die kwaliteit van instellings is besig om te verhoog," sê sy.

Haar navorsing fokus hoofsaaklik op ekonomiese ontwikkelingskwessies, wat kapitaalvloei na Afrika en studies oor ontluikende mark-ekonomieë insluit.

In haar navorsing en betrokkenheid by verskeie lande wat deel vorm van die Afrika Portuurgroep Evalueringmeganisme (Africa Peer Review Mechanism) van die Afrika Unie, is dit duidelik dat ses van die tien lande in die wêreld wat die afgelope dekade die vinnigste gegroei het, Afrika-lande is.

Multinasionale ondernemings wat hul sakebelange wêreldwyd wil uitbrei, kyk met nuwe oë na die kontinent. Omdat China en Indië reeds 'n oormaat blootstelling kry, is die vraag watter lande die volgende sogenaamde Indië en China van die wêreld gaan wees. In die proses geniet die Afrika-kontinent besondere aandag en word Suid-Afrika as die poort na die res van die kontinent beskou.

## Ander interessanhede

**My gunstelingdis:** Enigiets wat Steve berei (hy is 'n meesterkok), maar ek sal 'n paar voortande gee vir Noorweegse salm en enige slaai met vars roket.

**My gunstelingboek of -flick:** **Boeke:** *Memory of Love* van Aminatta Forna, wat in Sierra Leone afspeel en my besonder getref het nadat ek betrokke was by 'n Country Review Mission van die Afrika Unie verlede jaar in dié land. Ander tydlose gunsteling is *The Reader* van Bernhard Schlink en *The Poisonwood Bible* van Barbara Kingsolver. **Fliks:** die onlangse *Midnight in Paris* en *The King's Speech* was uitsonderlik, terwyl *Bridges over Madison County* 'n ou gunsteling bly.

**Met hierdie bekende persoon sal ek graag 'n gesprek wou voer:** Golda Meir, die vierde Eerste Minister van Israel. Haar termyn vanaf 1969-1974 was 'n besondere stormagtige periode in Israel se politieke geskiedenis. Sy was ook slegs die derde vrou in die wêreld wat so 'n posisie beklee het en het ook bekend gestaan as die Iron Lady (lank voor Margaret Thatcher).

**My gunsteling-vakansieplek:** Franshoek en ons forel-tyddeelplasie naby Belfast.

**My gunsteling-wêreldstad:** Parys, Parys, Parys.



# Werkgewers van NWU-studente

*In hierdie uitgawe van Eish! gesels ons met me Bernice Smit, die bestuurder van die NWU se Loopbaansentrum, oor watter eienskappe werkgewers belangrik ag in NWU-studente wat hulle in diens neem.*



**V:** *Julle het aan die einde van verlede jaar 'n opname onder werkgewers gedoen. Vertel ons meer daarvan?*

**A:** Ons het in Augustus 2011 'n aanlyn-vraelyk gestuur aan 521 werkgewers met wie die Loopbaansentrum dikwels te doen kry. Ons wou by hulle weet watter eienskappe hulle graag sou wou sien in die NWU-studente wat hulle in diens neem. Altesaam 56 werkgewers het aan die opname deelgeneem, dus 'n reaksiekoers van 11%.

In die verslag wat ons daarna geskryf het, het ons ook die resultate van 'n opname wat die South African Graduate Recruiters Association (SAGRA) in November 2011 onder 98 werkgewers gedoen het, gebruik. SAGRA het deelnemers aan hul ondersoek gevra om hoëronderwysinstellings te beoordeel, onder meer ook die NWU.

Ons verslag is egter net die vertrekpunt in ons ondersoek na gesogte graduandi-eienskappe – daar lê nog baie werk voor.

**V:** *Waarna kyk werkgewers wanneer hulle graduandi oorweeg vir moontlike indiensneming?*

**A:** In die eerste plek moet graduandi die regte kwalifikasies hê, en daarna moet hulle die volgende openbaar: intelligensie, persoonlike vaardighede, die begeerte en vermoë om te leer en aan te hou leer, goeie waardes, 'n positiewe houding teenoor werk, en konseptuele vaardighede en begrip.

**V:** *Wat in die resultate was vir jou die interessantste?*

**A:** Dit was vir my interessant om te sien hoe die resultate bevestig dat die kwaliteit van die NWU-graduandi deur al hoe meer werkgewers raakgesien word.

**V:** *Wat is die NWU-graduandi se sterkpunte?*

**A:** Volgens die opname is werkgewers van mening dat NWU-graduandi goeie vakkennis

het en 'n gesonde balans tussen kennis en vaardighede handhaaf, en dat hulle standvastige persoonlike waardes en goeie werksetiek het.

**V:** *Op watter terreine het die NWU-graduandi nie so goed gevaar nie?*

**A:** Wat praktiese vaardighede en begrip vir die werkplek betref, sê werkgewers hulle moet vooraf meer blootstelling aan die werkplek kry en meer kennis oor die organisasie inwin. Hul gesproke en geskrewe aanbieding- en verslagleweringvaardighede en bedrewenheid in Engels kan ook verbeter.

Wat hulle toepassing van kennis betref, moet graduandi se benadering tot probleemoplossing, hul begrip van werkplekgebruik en hoe om kwessies in die breër konteks van die organisasie te sien, aandag kry.

Daar is ook ruimte vir verbetering ten opsigte van ons studente se CV's en onderhoudvaardighede. Hier help die Loopbaansentrum reeds met onder andere die aanbied van werkswinkels, gedrukte handleidings en aanlyn-leiding aan studente, asook individuele afspraak met die loopbaankonsultant.

Fakulteite is welkom om die Loopbaansentrum te kontak om werkswinkels in dié verband vir spesifieke groepe aan te bied.

**V:** *Het werkgewers enige voorstelle gemaak hoe die NWU die kwaliteit van sy graduandi kan verhoog?*

**A:** Hulle stel voor dat studente meer blootgestel moet word aan die werkomgewing, dat hulle Engels moet verbeter, en dat selfstudie en onafhanklikheid aangemoedig moet word.

**V:** *Watter graduandi word die meeste deur werkgewers geteiken?*

**A:** Studente wat professionele of honneursgrade behaal in 'n handels-, besigheids- of bestuursrigting, asook Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Tegnologie en Regte is die gewildste.

**V:** *Waarom teiken sommige werkgewers nie doelbewus NWU-studente nie?*

**A:** Werkgewers se werwingsbegrotings is beperk, en die ligging van die NWU kampusse kan 'n probleem wees. Ten spyte hiervan oorweeg hulle wel aansoeke van NWU-studente, al werf hulle hierdie studente nie spesifiek nie.

**V:** *Hoe kan hierdie probleme oorkom word?*

**A:** Omdat ons kampusse nie naby groot sentra soos dié in Gauteng geleë is nie, ontwikkel die Loopbaansentrum voortdurend aanlyn-werwingsmoontlikhede. Voorbeelde is die bestaande internet-loopbaanportaal (LoopbaanSone) en fasiliteite waar werkgewers aanlyn-onderhoude kan voer, soos videokonferensies en rekenaarprogramme of -toepassings soos Skype.

**V:** *Watter metodes gebruik werkgewers die meeste om NWU-studente te werf?*

**A:** Die meeste adverteer in die loopbaangids wat die Loopbaansentrum druk en jaarliks aan studente op die drie kampusse beskikbaar stel. Van 2012 sal dit ook aanlyn beskikbaar wees.

Werkgewers besoek ook die jaarlikse loopbaanuitstallings wat deur die Loopbaansentrum by die universiteit gereël word.

**V:** *Wat is die volgende stap in julle ondersoek na wat werkgewers van NWU-graduandi verwag?*

**A:** Ons gaan nou terugvoer gee aan bestuur en die nodige aksiestappe neem wat die kwessies betref waar werkgewers voel ons graduandi kan verbeter. Ons gaan byvoorbeeld die nodige intervensies ontwikkel om studente se kommunikasievaardighede (mondlinge, geskrewe en aanbiedingsvaardighede) te verbeter.

Ons pas ook reeds die inhoud van ons werkswinkels oor CV-skrif en onderhoudvoering aan om studente in te lig oor die spesifieke verwagtinge van werkgewers.

## Handel en Administrasie beloon navorsers

Die Fakulteit Handel en Administrasie het sy uitblinkers – studente sowel as persoonel – vereer tydens sy eerste navorsingsdag wat op 28 Maart 2012 gehou is.

Die fakulteit het die geleentheid gebruik om navorsing te bevorder en erkenning te verleen aan die vorige jaar se navorsingsprestasies.

Volgens prof Mogege Mosimege, die viserektor, is die kampus se navorsingsuitset goed wat kwaliteit sowel as kwantiteit betref. "Mense gaan ons nie meer meet of oordeel op grond van ons ligging of ons vorige prestasies nie, maar op grond van die vordering wat ons besig is om te maak."

Die trofee vir die fakulteit se Junior en Senior Navorsers van die Jaar is onderskeidelik toegeken aan prof Janine Mukuddem-Petersen en prof Sam Lubbe. Die Departement Ekonomie het die wisseltrofee vir Navorsingsdepartement van die Jaar ontvang. Die beste honneursstudent in 2011 was me Giselle Mah, met me Christelle Meniago in die tweede plek.

Sestien akademici het erkenning gekry vir hul subsidiedraende uitsette – insluitende die dekaan van die fakulteit, prof Sonia Swane-poel, wat opgemerk het: "Ons is besig om 'n navorsingskultuur te ontwikkel."

Dr Nehemiah Mavetera is aangewys as die fakulteit se Nuwelingnavorsers van die Jaar, met dr Mike Sikwila en dr Mulisi Velepini gesamentlik in die tweede plek.



Navorsingserkenning: Prof Janine Mukuddem-Petersen (links) ontvang die trofee vir die Fakulteit Handel en Administrasie se Junior Navorsers van die Jaar van prof Sonia Swane-poel, die dekaan (regs).



Feitesending: 'n Afvaardiging van Swede se Universiteit van Gälve en die Universiteit van Botswana het die Mafikengkampus se wetenskapsentrum onlangs besoek om die moontlikheid te ondersoek om 'n soortgelyke wetenskapsentrum in Botswana tot stand te bring.

## Buitelandse afvaardiging besoek Wetenskapsentrum

Die Wetenskapsentrum op die Mafikengkampus is in die middelpunt van belangstelling en ander universiteite is gretig om soortgelyke sentrums op die been te bring.

Die sentrum het sy deure in 2010 geopen en het onlangs 'n afvaardiging van die Universiteit van Gälve in Swede en van die Universiteit van Botswana verwelkom.

Hierdie universiteite werk saam met die oog daarop om 'n wetenskapsentrum by die Universiteit van Botswana tot stand te bring. Die sentrum sal wetenskapverwante ondersteuning aan kleuter-, primêre en sekondêre skole in Botswana verleen.

Volgens me Marea Tsamaase, koördineerder van die Kinderontwikkelingsprogram aan die Universiteit van Botswana, is hul doelwit "om te leer by instansies met soortgelyke sentrums en om seker te maak dat so 'n sentrum inderdaad voordelig sal wees vir ons teikengroep."

Sy het bygevoeg dat hul feitesending 'n geleentheid gebied het vir netwerking met 'n universiteit in 'n buurland en dat die Mafikeng-wetenskapsentrum as norm kon dien vir die Botswana-projek.

Mnr Goran Nordstrom van die Universiteit van Gälve het gesê dat hulle graag nou met die NWU wil saamwerk aan die projek.

## Gemeenskapsontwikkelingswerkers erken

Meer as 320 gemeenskapsontwikkelingswerkers het 'n twaalf maande lange kursus in gemeenskapsontwikkeling suksesvol voltooi.

Die doel met die kursus was om werklose jongmense toe te rus met die nodige vaardighede om rolspelers te word in sosiale kohesie en plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Die program is aangebied deur die Noordwes Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede, in vennootskap met die kampus se Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

Tydens die toekenningsereemonie wat op 20 Maart 2012 in die Great Hall plaasgevind het, het 329 *masupatsela* (soos wat ontwikkelingswerkers algemeen bekend staan in hul gemeenskappe) van oraloer saamgekom om amptelik erkenning te kry vir hul harde werk.

In haar hoofrede het die burgemeester van die Mafikeng Plaaslike Munisipaliteit, me Lena Miga, (onder) gesê: "Julle is die agente vir verandering. Gaan uit en verander mense se lewens. Die ontwikkeling van ons gemeenskappe hang van julle af."



## Ry-'n-fiets-projek skop af op kampus

Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het 'n Ry-'n-fiets-projek op die Potchefstroomkampus bekendgestel om 'n "groener" kampus te skep. 'n Aantal fietse is aangekoop en word gratis aan studente en personeel beskikbaar gestel om vinnig van een punt na 'n ander op die kampus te beweeg. Die fietse is naby die Fakulteit Opvoedkundige Weten-

skappe se hoofgebou (C6) geparkeer. Dr Schalk Raath van die Skool vir Kurrikulumgebaseerde studies sê al wat nodig is indien iemand 'n fiets wil gebruik, is om 'n sleutel by die onderwys raad se kantoor op die grondvloer in gebou C6 af te haal, die fiets te gebruik en dit weer terug te besorg by die Ampie-kiosk.



Die vindingryke idee is deel van 'n projek, Mobiliteit en die Omgewing, wat deur die Vlaamse Stigting vir Verkeerskunde (VSV) geborg word. Die projek het twee bene: die gratis beskikbaarstelling van fietse vir mense om op kampus te beweeg en 'n navorsingsprojek oor die fisiese impak wat fietsry op die menslike liggaam het. Indien iemand aan die navorsingsprojek wil deelneem kan hulle vir dr Schalk skakel by 018 299 4733.

Ry-'n-fiets-projek skop af: Mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en sy vrou, me Triens Jacobs, sekretaresse in die Departement Finansiële Steundiensle op die Potchefstroomkampus, ondersteun die ry-'n-fiets-projek. Foto: Noordwes Beeld

## PBS bied kursus in projekbestuur aan vir mense met gestremdhede

Die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) het onlangs 'n projekbestuurskursus vir 'n groep van 10 mense met gestremdhede by die Mafikeng-kampus aangebied.

Hierdie geleentheid is deur die Education, Training and Development Practices Sector Education and Training Authority (ETDP-SETA) moontlik gemaak.

Dit volg op vorige projekte waar die PBS dieselfde kursus vir werklose individue aangebied het. Om mense met gestremdhede op te lei,

gaan gepaard met unieke uitdagings ten opsigte van toeganklikheid van lokale, toiletgeriewe asook aanpassings om onder andere blindes te akkommodeer. Dié betrokke kursus is deur prof Stephan van der Merwe en prof Christo Bisschoff aangebied.

Die hele groep het aan die einde van die kursus 'n portefeulje vir die bewyse van bevoegdheid suksesvol ingehandig. Hierdie projek is deel van die groter toekomstige fokus van die Besigheidskool op die terrein van gemeenskapsdiens.

Die Potchefstroom Besigheidskool reik deurentyd uit na die groter gemeenskap en het onlangs 'n projekbestuurskursus vir 'n groep mense met gestremdhede aangebied.



Reg vir wetenskap: Prof Corrie du Toit en sy kollega, me Marié du Toit, van die Fakulteit Natuurwetenskappe het dié kompakte wetenskapstoestel ontwikkel.

## Unieke wetenskapstoestelle vul groot leemte

Chemici van die Fakulteit Natuurwetenskappe het unieke laboratorium-toestelle ontwerp om leerders op laer- en hoërskool met die praktiese sy van wetenskaplike vakke te help.

Dié toestelle is ook uitgevoer na Noorweë en Ethiopië en word met groot sukses daar gebruik. Prof Corrie du Toit, en sy kollega, me Marié du Toit, het in 2011 'n kompakte en bruikbare chemie- en natuurwetenskappe-toestel – genoem MyLab – ontwikkel.

Dié stelle kan volgens prof Corrie 'n reusebydrae lewer tot suksesvolle wetenskaponderrig in skole – selfs dié wat geen laboratoria's het nie. Volgens die navorsers is praktiese werk 'n baie belangrike komponent van wetenskaponderrig en daarom het hulle die MyLabtoestel ontwikkel om onderwysers daarmee te help.

Hulle het tot die slotsom gekom dat onderwysers chemikalieë, apparaat, voldoende werkkaarte, memorandumms en voorbereidingsmateriaal benodig en nie noodwendig laboratoria's, elektrisiteit en lopende water nie.

MyLabtoestelle is teen 'n billike bedrag te koop en die inkomste wat daarmee gegenereer word, word weer in navorsing teruggeploeg. Besoek gerus die webtuiste ([www.mylab.co.za](http://www.mylab.co.za)). Prof Corrie du Toit kan geskakel word by 076 377 8989 of Marié du Toit by 082 392 0883.

## Kampus vier Wêreld-gelukdag

Die Vaaldriehoekampus is een van slegs drie plekke in Suid-Afrika waar die film getiteld *Happy* vertoon is ter viering van Wêreld-gelukdag op 11 Februarie 2012.

*Happy* is 'n dokumentêr van die Oscar-genomineerde regisseur Roko Belic en is daarop gemik om ons te inspireer om uit te vind wat ons werklik gelukkig maak.

Die film is vertoon deur die Optentia-navorsingsprogram onder leiding van prof Ian Rothmann. "Die filmvertoning is 'n proaktiewe poging om mense uit alle dele van die samelewing op dieselfde dag saam te snoer, en die gesprek aan die gang te sit oor geluk, en

om te begin om gelukkiger, meer vervullende lewens te begin leef."

Volgens prof Ian is geluk nie bloot die resultaat van 'n individu se genetiese samestelling (50%) nie, maar ook van 'n persoon se onmiddellike omstandighede (10%) en sy of haar interne strewe na geluk (40%).

Deur geluk as altyd teenwoordige emosie te aanvaar, sal jy, volgens die nuutste navorsing, langer leef, is daar 'n groter waarskynlikheid dat jy sal omgee vir die omgewing, 'n kleiner kans dat jy 'n misdaad sal begaan en 'n groter kans dat jy met kreatiewe oplossings vir probleme vorendag sal kom.



Die onlangse leesmarathon het studente nie net uitgedaag om saam te werk in spanne nie, maar ook om hul leesvaardighede op te knap.

## Sportdag spog met spangees

Spangees was aan die orde van die dag by die Vaaldriehoekampus se Interkampus sportdag vir studente.

Die geleentheid was 'n manier om die eenheid en diversiteit van die NWU te vier. Al drie kampusse het saamgekom om 'n sukses te maak van die dag.

Sportspanne van al drie kampusse het goeie spangees aan die dag gelê in 'n verskeidenheid sportkodes soos netbal, sokker, rugby, skaak en hokkie. Die dag se vieringe is afgeskop met 'n

verwelkoming deur mnr Jacob Simango, Direkteur: Studentesake, en mnr Sean McCallaghan, Sportbestuurder.

Dr Edward Sedibe, Institusionele Direkteur: Studentesake en Sport het gesê: "Dit is die beste georganiseerde sportgebeurtenis in vyf jaar en dit wys hoe kultureel uiteenlopend ons is."

Die gebeurtenis en aktiwiteite is goed ondersteun deur studente en vriende wat uit alle oorde opgedaag het om die onderskeie spanne te sien speel.



## Deurnagsessie bring leesvreugde

Die kampusbiblioteek het onlangs sy eerste leesmarathon aangebied, en te oordeel aan die oorweldigende belangstelling van die studentegemeenskap gaan hierdie inisiatief 'n jaarlikse instelling word.

Volgens me Hendra Pretorius, Biblioteekbestuurder, was die aksie daarop gemik om studente opnuut bekend te stel aan die vreugdes van lees – veral lees vir ontspanning en genot. Die leesmarathon het saamgeval met Nasionale Biblioteekweek van 17 tot 24 Maart.

Die biblioteek het 'n uitdaging aan die agt koshuise gerig om te bepaal wie die kroon sou dra as eersteklaslesers. Die reëls was dat spanne van 15 lede elk beurt moes maak om hardop voor te lees.

Die boekkeuse het geval op die Suid-Afrikaanse topverkoper "Spud" (geskryf deur John de Ruit), en hierdie tong-in-die-kies-kykie na Suid-Afrika in die vroeë tagtigerjare het die agtergrond geskets vir prettige ure in die biblioteek. Die lesery het op 23 Maart om 17:00 begin en die laaste bladsy is op 24 Maart om 06:00 omgeblaai.

Om seker te maak dat konsentrasie nie agterweë gebly het nie, moes die studente eers 'n begripstoetsie aflê voordat Santrust, een van die dorpskoshuise, as wenner uit die stryd getree het.

# NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU het die afgelope tyd weer hul kundigheid by verskillende geleenthede met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

“ Geen persoon of entiteit kan weens nalatigheid of andersins aanspreeklik gehou word vir die dood van Thabang Makhoang nie. Die verdrinking was ’n fratsongeluk te midde van elke denkbare voorsorgmaatreël; dit het plaasgevind tydens ’n gebeurtenis wat uitsluitlik vir pret en spanbou georganiseer is, en nie tydens enige vorm van ontgroeningspraktyk nie. ”



**Mnr Peet van der Walt, Voorsitter: NWU-Raad**  
Beeld, 3 April 2012

“ Mense het ’n ontsettende weerstand om oor seksuele afwykings en in besonder pedofilie te praat. Hulle sien dit – wanneer ons hieroor wil praat – dat ons molesteerders van kinders se dade wil verskoon of regverdig. Dit is geheel en al nie die geval nie. Ons moet ook egter beseft dat daar agter die wrede oortreder ook miskien ’n slagoffer is. Hierdie mense het ook hulp nodig en die oortreding is dikwels ’n simptoom van wat hulle self deurgemaak het. Ons kan nie net die probleem oorlaat aan die staat, polisie of regering nie en die gemeenskap sal ook ’n rol hierin moet begin speel. Deur oor seksueel afwykende gedrag soos pedofilie te praat tree ons voorkomend op. ”



**Dr Stella Potgieter, Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus**  
RSG, 13 Maart 2012

“ Dis belangrik om feitelike kennis aan die studente oor te dra, en om seker te maak hulle weet hoe en waar die nodige inligting en literatuur bekom kan word. Farmaseutiese kennis is ongelukkig nie altyd geredelik beskikbaar in die werksomgewing nie. Daar is ook nie ’n ‘hulplyn’ wat mens kan bel nie. ”

**Me Mariëtta Fourie, Skool vir Farmasie, Potchefstroomkampus**  
SA Pharmaceutical Journal, 1 Maart 2012



“ Wanneer humor en godsdiens in ’n parmantige advertensie gekombineer word, beland ’n maatskappy in troebel water. In ’n samelewing wat baie konserwatief is en baie sterk voel oor die ydelike gebruik van God of Jesus se naam, kan ’n advertensie maklik die grens oorstek. Waar ek reken Red Bull dit nét te ver gevat het, is aan die einde waar die Jesus-karakter gly... wat waarskynlik die omstredenheid verhoog het. ”

**Me Cornia Pretorius, Skool vir Kommunikasiestudies, Potchefstroomkampus**  
Volksblad, 14 Maart 2012

“ Die totstandbrenging van die Hulpbronbestuursagentskap (HBA) is die verwesenliking van ’n visie om taalhulpbronne vir alle Suid-Afrikaanse tale op ’n globale skaal te ontwikkel en te administreer. Die HBA sal die ontwikkeling en bevordering van die amptelike tale van Suid-Afrika fasiliteer, en dit sal baie beteken vir die land se linguïstiese diversiteit. Dit bring ons al één stappie nader aan die ideaal van meer slimfoontoepassings, geletterdheidshulpmiddels, vertaalsagteware en dies meer in soveel as moontlik Suid-Afrikaanse tale. ”

**Mnr Martin Puttkammer, CText®, Potchefstroomkampus**  
IT-Online, 27 Maart 2012





# Mense wat myle stap

*As jy die eerste myl beskou as net jou plig doen, is dit goed so. Dit is egter verblydend om te weet dat daar heelwat mense by die NWU is wat bereid is om die tweede en selfs die derde myl te loop, juis omdat dit vir hulle lekker is om meer te gee as wat van hulle verwag word. Ons gee graag weer erkenning aan al die NWU-kollegas wat die tweede myl stap.*

Mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie van Korporatiewe Sake en Verhoudinge in die Institusionele Kantoor huiwer nie een oomblik om **me Ria van Deventer**, 'n senior administratiewe assistent by IT-Sentraal in die Institusionele Kantoor, te nomineer vir die tweede myl nie. Volgens Louis gaan Ria uit haar pad uit om behulpsaam te wees, maar maak sy ook seker dat jy binne die voorgelegde riglyne bly. "Ek voel dit is juis hierdie aspek wat die diens wat Ria lewer, nog waardevoller maak. Jy weet presies wat om te verwag, hoe en wanneer die diens gelewer sal word, en nodeloos om te sê, sal dit aan jou verwagtinge voldoen. Ria se diens spreek van toegewydheid, met die belange van die instelling altyd voorop gestel," sê Louis.

Volgens die kollegas in die Krediteure-afdeling van Finansiële Administrasie in die Institusionele Kantoor moet **mnr Frikkie Venter**, senior boekhouer in dié afdeling, op die skouer geklop word vir sy harde werk. "Hy is altyd geduldig, vriendelik en hulpvaardig – al is hy toegegooi onder die werk. Selfs eksterne kliënte is in hulle noppies met dienslewering – hou so aan Frikkie!" sê sy kollegas.

**Mnr Johannes Lesabe**, slotmaker in die Departement Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus verdien 'n pluimpie. Me Leoni Coetzee, 'n administratiewe assistent in die Skool vir Verpleegkunde op dieselfde kampus, sê Johannes gaan werklik uit sy pad uit om te help en geen taak is ooit te groot of te klein nie. "Johannes is altyd geduldig en behulpsaam – selfs 'probleemsleutels' sal hy oor en

oor doen tot hy tevrede is. Baie dankie, Johannes – dit word waardeer," sê Leoni.

Me Roxanne Bailey, 'n junior navorser in die navorsings-fokusarea: Onderrigleer-organisasies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus sekondeer die nominasie van **me Louise Meyer** in ons vorige uitgawe van Eish! en gebruik ook graag die geleentheid om vir **me Christelle van Rensburg**, 'n senior administratiewe assistent in die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies, te nomineer. Volgens haar is albei hierdie dames uitmuntende personeel. "Ek het nog altyd net vriendelike hulp van hulle ontvang en beide is uiters bekwaam. Dit is vir my 'n voorreg dat hulle elke dag vir my as voorbeeld kan dien," sê Roxanne.

**Mnr Klasie Botha**, 'n laboratorium-assistent in die Skool vir Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekskampus is nog 'n staatmaker. "Klasie is altyd bereid om te help, en as daar werk is wat gedoen moet word, is hy selfs bereid om naweke in te kom," sê mnr Frans Roodt, 'n hulplyn-assistent by IT op dieselfde kampus. "Hy is verantwoordelik vir die rekenaar-laboratoriums op die kampus en as daar iets verkeerd gaan, word dit altyd vinnig uitgesorteer en niks word ooit half gedoen nie."

*As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za). Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.*

Me Suzette Weideman, Koördineerder: Psigologiese Gesondheid by die Gesondheidsorg-sentrum op die Potchefstroomkampus nomineer graag die brandweerspan (onder) wat in die Departement Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus funksioneer. "Ek wil graag (van links na regs op die foto) vir **mnre Frank Raubenheimer, Corrie Bornman, Riaan Cremer, Mark Greeff, Francois van den Berg, en Justinus Lubbe** bedank vir hul onbaatsugtige werk. Die manne is almal vrywilligers en verrig hierdie belangrike taak bo en behalwe hul normale dagtaak. Hulle lewer 'n 24-uursdiens aan die kampus wat brande, redding en nooddienste insluit en hul reaksietyd en knap optrede is van internasionale standaard. Julle passie vir hulpverlening is vir ons almal 'n voorbeeld – baie dankie!"

RIA VAN DEVENTER



FRIKKIE VENTER



JOHANNES LESABE



CHRISTELLE V RENSBURG



KLASIE BOTHA



# En die **wenners** is....

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



**Institusionele Kantoor:**  
Me Christelle Foord, arbeidsverhoudinge-praktisyn, Menskapitaal: Arbeidsverhoudinge.



**Mafikengkampus:**  
Me Jasmine Eyman, sekretaresse, Sentrum vir Besigheid en Bestuur.



**Potchefstroomkampus:**  
Mnr Diedericks Diseko, algemene assistent, PUK-Kunste.



**Vaaldriehoekkampus:**  
Me Johanna Montshonyane, assistent-inwoningsbestuurder, Inwoning- en Voedseldienste.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

# Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.

3.

4.

5.

6. Watter toekening van die Nasionale Persklub het die NWU geborg?
7. Hoeveel navorsingsleerstoel het die NWU van die Departement Wetenskap en Tegnologie gekry?
8. Hoeveel geoktrooierde rekenmeesterstudente het Deel 1 van hul nasionale kwalifiserende eksamen geslaag?
9. Aan watter universiteit het prof Elsabé Loots haar doktorsgraad behaal?
10. Watter projek is by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus begin?

#### STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

# Ken en vier jou regte

Met die wete dat menseregte een van die belangrikste boustene van 'n samelewing is wat deur respek en menswaardigheid gelei word, het die NWU saam met die res van die land Menseregtedag gevier.

Op 20 Maart 2012 het die kollig op twee onderwerpe geval tydens 'n geleentheid by die Institusionele Kantoor, naamlik seksuele teistering as menseregtevergryp en skending van die "reg om te werk".

Drie sprekers het die teenwoordiges oor bogenoemde sake toegesprek. Me Lizelda Goslin, 'n praktiserende sielkundige van Klerksdorp, het 'n sielkundige perspektief op seksuele teistering gegee, terwyl adv Prakash Roopa, 'n regskenner van Potchefstroom, die kwessie van 'n regssoopunt bekyk het. 'n Alumnus van



By die NWU se menseregtevieringe was van links adv Solly Sithole, die voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee, mnr Anton Scheppel, Bestuurder: Arbeidsverhouding, prof Elda de Waal van die Vaaldriehoekskampus en lid van die NWU se Menseregtekomitee, prof Hugo Pienaar van Glyn Marais Ing in Sandton, en prof Christo van Wyk van die Vaaldriehoekskampus en voorsitter van die NWU se Institusionele Forum.


die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, prof Hugo Pienaar van Glyn Marais Ing in Sandton, het gepraat oor hoe seksuele teistering inbreuk maak op die "reg om te werk".

Prof Christo van Wyk, die voorsitter van die NWU se Institusionele Forum en afkomstig van die Vaaldriehoekskampus, het die vraag-antwoord-sessies gefasiliteer. Die geleentheid is ook bygewoon deur adv Solly Sithole, die voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee, en

prof Melvin Mbaog, die dekaan van die Fakulteit Regte op die Mafikengskampus.

Altesaam 42 NWU-personelede sowel as enkele lede van die Verteenwoordigende Studenteraad het vanjaar se vieringe bygewoon.

Beurse geborg deur die NWU se Menseregtekomitee is aan twee regstudente oorhandig. Hulle is mnr Brews Soaypi van die Mafikengskampus en mnr Ramafala Ramatshosa van die Potchefstroomskampus.



Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het onlangs 'n Ry-'n-fiets-projek op die Potchefstroomskampus bekendgestel. Hier doen prof Barry Richter, die direkteur van die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies, en dr Schalk Raath van dieselfde skool, hulle deel vir 'n "groener" kampus deur van die fietse wat gratis beskikbaar gestel word, te gebruik. Lees meer hieroor op p14.



Prof John Botha, medeprofessor in Kunsgeskiedenis en Filmstudies in die Skool vir Kommunikasiestudies op die Potchefstroomkampus, deel graag die volgende gunsteling-sêding wanneer hy met sy studente gesels:

“Jy moet leer hoe om na **skilderye te luister** en hoe om na **musiek te kyk ...**”

Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za).

[www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)